



Verwysing: 20200812-7485  
Lêerno.: 13/7/1/2  
Navrae: M Combrink

Omsendbrief: 0023/2020

Vervaldatum: 31 Desember 2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Vakadviseurs, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat- en Senior Sertifikaat-eksamens voorberei

Kort opsomming: *Finale rooster en reëlings vir die gekombineerde Junie en November 2020 Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens.*

**Onderwerp: Finale rooster en reëlings vir die gekombineerde Junie en November 2020 Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens**

1. Ter opvolging van die sluiting van skole op 18 Maart 2020 en die nasionale inperking om die verspreiding van COVID-19 te beperk, het die Minister van Basiese Onderwys besluit om die Mei/Junie 2020 Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens (NSS-eksamens) op dieselfde tyd as die Oktober/November 2020 NSS-eksamens af te neem.
2. 'n Afskrif van die **finale** rooster (**Bylae A**) vir die gekombineerde Junie en November 2020 NSS-eksamens is ingesluit.
3. Volgens die rooster begin die eksamen amptelik op **Donderdag, 05 November 2020** en eindig op **Dinsdag, 15 Desember 2020**. Hierdie rooster vervang die vorige rooster van die November-eksamen wat in Maart 2020 uitgegee is.
4. U aandag word gevestig op die aflê van die volgende eksamenvraestelle:
  - 4.1 Die Wiskunde en Tegnieuse Wiskunde se vraestelle sal in die oggendsessie geskryf word (09:00) en die Wiskundige Geletterdheid se vraestel in die middagsessie (14:00).
  - 4.2 Die Engels Eerste Addisionele Taal (EAT) se vraestel sal in die oggendsessie geskryf word (09:00) en die Engels Huistaal (HT) en Engels Tweede Addisionele Taal (TAT) se vraestelle in die middagsessie (14:00).

5. Die kandidate wat oorspronklik beplan het om die Oktober/November 2020-eksamen te skryf, sal twee vraestelle vir Rekeningkunde en Besigheidstudies in die oggendsessie skryf (09:00), terwyl diegene wat die Mei/Junie 2020-eksamen sou skryf, een vraestel vir Rekeningkunde en Besigheidstudies in die middagsessie sal skryf (14:00).
6. Die algemene assesseringstaak (AAT) vir Lewensoriëntering sal op **Maandag, 19 Oktober 2020** geskryf word.
7. Die Rekenaartoepassingstechnologie (RTT) se Vraestel 1 en Inligtingstechnologie (IT) se Vraestel 1 praktiese eksamens sal voor die amptelike begin van die eksamens op **21 en 22 Oktober 2020** onderskeidelik geskryf word.
8. Twee eksamensessies word vir elke dag beplan. Die oggendsessie sal om 09:00 begin en die middagsessie om 14:00.
9. Prinsipale moet alle voltydse kandidate wat die eksamens gaan skryf, inlig dat hulle hulle skooldrag moet dra tydens elke eksamen wat hulle aflê. Kandidate moet tot op die laaste dag van die skoolkwartaal (15 Desember 2020) beskikbaar wees ingeval dit, om watter rede ookal, nodig is om die aflê van 'n besondere eksamenvraestel te herskeduleer.
10. COVID-19-protokolle, wat die volgende insluit, moet gedurende die eksamens deurgaans gehandhaaf word:
  - a) behou 'n sosiale afstand van 1,5 meter;
  - b) sifting; en
  - c) reiniging.
11. Let asseblief daarop dat die datums wat vir die voorbereidende eksamen aanbeveel word vanaf **15 September tot 07 Oktober 2020** is.
12. Gewone klasse moet tot **Vrydag, 23 Oktober 2020** voortgaan om so veel as moontlike onderrigtyd te verseker.
13. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle kandidate wat van plan is om die gekombineerde Junie en November 2020 NSS-eksamens af te lê.

**GETEKEN:** BK SCHREUDER

**HOOF: ONDERWYS**

**DATUM:** 2020-08-14